Kloksgewys van links bo: Lt.kol. W.P. van Wyk, senior ondervraer in die Timol-saak; Timol se ouers, mnr. Haji en mev. Hawa Timol, twee dae ná sy dood; 'n jong Timol (regs) met sy vriend en politieke mentor, mnr. Essop Pahad (nou minister in die kantoor van die president) voor North End House in West Kensington, Londen; Timol se begrafnis in die Roodepoort-begraafplaas.

Foto's: TIMOL, A QUEST FOR JUSTICE

Grafika: HANLIE MALAN

As ons net kan weet



Imtiaz Cajee soek nie wraak nie, hy soek die waarheid. Hy het in Pretoria aan MARGA LEY vertel wat dit is wat hom al jare lank dryf.

OP 27 Oktober 1971 is Imtiaz Cajee se oom, Ahmed Timol, dood. Hy het glo self uit die venster op die tiende verdieping van die destydse John Vorster-plein in Johannesburg gespring terwyl hy deur die veiligheidspolisie ondervra is.

Hy was die 22ste aangehoudene wat in die hande van die destydse veiligheidspolisie dood is in óf 'n "selfmoordpoging" óf 'n "ongeluk" van een of ander aard deur glo sy eie toedoen.

Teen daardie tyd het niemand meer die polisie se verskonings geglo nie en het die land gegons oor die selfmoorde en ongelukke op die tiende verdieping en in die aanhoudingselle van die destydse polisiehoofkantoor.

Daar was openbare druk van alle kante dat daar amptelik ondersoek ingestel word na Timol se sogenaamde selfmoord. Asof om sout in die wonde te vryf, het polisielede self na John Vorster-plein begin verwys as Timol Heights.

Cajee glo tot vandag toe nie dat sy oom selfmoord gepleeg het nie.

■■■

CAJEE was destyds 5 jaar oud en onthou nie veel van sy oom nie. Vakansies het hy by sy ouma en oupa, mnr. Haji en mev. Hawa Timol, in hul woonstel in Roodepoort gekuier. Hy onthou hy was saam met Timol by mev. Amina Desai se huis. Ook dat sy 'n kat gehad het en dat hy saam met Timol in haar geel Anglia gery het.

Hy onthou ook hoe hy in die middel van die nag saam met sy ouma en oupa in 'n hoekie in die woonstel gesit het terwyl die polisie die vertrekke deursoek het. Hy onthou selfs enkele beelde van sy oom se begrafnis.

Soos hy ouer geword het, het hy elke vakansie meer vrae gehad vir sy ouma en oupa. Vrae oor sy oom.

"Ek het elke koerant van daai tyd wat hulle gebêre het, gelees en weer gelees. My ander oom, Mohammed, het landuit gevlug.

In detention

He fell from the ninth floor
He hanged himself
He slipped on a piece of soap while washing
He hanged himself
He slipped on a piece of soap while washing
He fell from the ninth floor
He hanged himself while washing
He slipped from the ninth floor
He hung from the ninth floor
He slipped on the ninth floor while washing
He fell from a piece of soap while slipping
He hung from the ninth floor
He washed from the ninth floor while slipping
He hung from a piece of soap while washing
Chris van Wyk, 1979
– Uit: *Timol, a quest for justice*

'n Foto uit 1972 van sers. Joao Anastasio Rodrigues, wat by Ahmed Timol in die vertrek was en vertel het hoe hy glo deur die venster "geduik" het.

Kapt. (destyds) J. H. Gloy, een van die veiligheidspolisielede wat Ahmed Timol ondervra het. Die foto is in 1972 geneem.

"Daar was 'n sogenaamde amptelike ondersoek na my oom Ahmed se dood. Die bevinding was dat al die grusame beserings en kneusplekke aan sy liggaam 'selftoegedien' was."

Sy ouma het op sy aanhoudende vrae vertel van haar seun Ahmed. "Van hoe lief sy vir haar kind was. Dat hy altyd vol respek was en dat met sy dood iets binne haar vir altyd weg is. Van haar hartseer. Van hoe die polisie dae lank elke nag die huis deursoek het en hoe hulle die laaste keer gesê het: 'Jy moet inkom, jou seun is dood. Hy't gespring.'

"Die polisie het vir haar gesê: 'Jou kind was stout. Jy't hom nie pak slae gegee nie. Hy is dood.'"

Volgens Cajee het die gebeure om sy oom se dood sy lewe begin oorneem – totdat die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) begin het. Hy en die familie het sy toe reeds siek ouma omgepraat, half gedwing, om na die WVK te gaan.

"Dit was vir my die keerpunt toe ek van agter in die vertrek haar daar voor haar verhaal vir die hele wêreld hoor vertel. Sy het gepleit sy wil weet wat met haar kind gebeur het en hoe dit gebeur het.

"Dis toe dat ek besluit ek moet iets vir my oom doen. Ek móés uitvind wie verantwoordelik was.

"Dit was my ouma se laaste pleidooi aan die nasie, aan die wêreld, maar dit het weggeraak in die groter geheel van die WVK. Niks het gebeur nie. Niemand het aansoek om amnestie vir sy moord gedoen het. En my ouma is kort daarna oorlede.

"In 1999 het oudpres. Nelson Mandela 'n skool in Azaadville amptelik hernoem na die Sekondêre Skool Ahmed Timol. 'n Uur lank het almal oor hom gepraat, en toe was dit weer verby."

■■■

AMPTELIK staan dit steeds in die annale van die geskiedenis: Ahmed Timol het selfmoord gepleeg. "Ek het gevoel dit kan nie so eindig nie." Cajee het navorsing vir 'n boek begin doen (dit het in 2005 verskyn). Hy het foto's van die lykskouing in Wits se argief opgespoor: alle besonderhede van die destydse amptelike ondersoek uitgegrawe. En hy het die Nasionale Vervolgingsgesag gevra om 'n ondersoek na die moord te heropen.

"Hulle het gesê daar is nie bewyse nie."

Sedertdien vra Cajee hulle jaarliks met die herdenking van sy oom se dood om die familie te help om afsluiting te vind. Niks gebeur nie.

Ná Timol se dood is nog sowat 50 aangehoudenes in polisieaanhouding dood. Nie 'n enkele polisieondervrager of -beampte is vir enige van die sowat 72 sterftes gestraf nie.

Cajee en sy familie glo Timol was 'n martelaar – 'n martelaar wat nou volgens hul Moslem-geloof in die hoogste vlakke van die hemel is. Nie 'n selfmoordenaar wat die grootste sonde denkbaar gepleeg het nie.

Hulle glo hy is vermoor deur polisiebeamptes in die "vlaag van hul wraak en woede en arrogansie nadat (oudpres. Nelson) Mandela en (mnr. Walter) Sisulu in die Rivonia-hofsaak vir altyd tronk toe gestuur is".

"Ahmed het in daardie stadium reeds 'n verklaring in sy eie handskrif afgelê waarin hy alles vertel het." 'n Verklaring wat volgens Cajee in sy oom se netjiese skrif begin het, wat later 'n gekrap geword het en aan die einde net stukke skrif was.

"Ons aanvaar die polisieondervragers het destyds hul plig gedoen. Dat daar oorlog was en dat daar in oorlogstye ongevalle is. My oom was 'n lid van die ANC en die SAKP en het mense aangewys om kommunistiese selle te vorm. Hy was ná nege maande opleiding in Rusland terug in die land, saam met onder andere Thabo Mbeki.

"Ons is 'n vergewensgesinde nasie en 'n vergewensgesinde familie. Ons wil net graag afsluiting vind, ons het dit nodig."

Cajee se lyf krul en hy trek sy een voet ongemaklik onder hom in toe hy gevra word wat hy sal doen as daar 'n motor met 'n ou man voor sy deur stilhou, 'n ou man wat sy voete wil was en om vergifnis wil vra.

Dan ontspan hy en antwoord: "As dit hom gaan help en hy voel hy moet dit doen, sal ek dit toelaat. En as hy wil, sal dit net tussen ons twee bly."

Só het hulle gesterf

IN sy boek *Timol, a quest for justice* het Imtiaz Cajee 'n lys opgestel van mense wat van 1963 tot 1990 in polisieaanhouding dood is. Volgens hom is nie 'n enkele polisieman aangekla nie.

Die amptelike oorsake van dood lees onwerklik. Buiten Ahmed Timol het Matthews Mabalena in 1977 ook van die tiende verdieping van John Vorster-plein geval – volgens die amptelike bevinding het hy "per ongeluk" geval.

Lungile Tabalaza het "van die vyfde verdieping afgespring" uit die Sanlamgebou in Port Elizabeth en in dieselfde gebou het George Botha "ses verdiepings ver in die trappeskag afgespring". In Kimberley het Phakamile Mabija ses verdiepings na sy dood "gespring" uit die Transvaalweg-polisiekantoor.

Altesame 28 aangehoudenes het "hulself opgehang". Talle is dood aan "natuurlike oorsake"; een glo nadat hy "op 'n stuk seep gegly het". 'n Ander het "in die stort gegly". Nog een is dood aan natuurlike oorsake nadat hy "by die trappe afgeval het".

Dan was daar die man wat "weens 'n epileptiese aanval" so rondgeval en seergekry het dat hy dood is; die ou wat "uit 'n Casspir geval het"; en die een wat "teen 'n stoel geval het".

Interne bloeding is beskou as "natuurlike oorsake", asook nierversaking. Een aangehoudene is dood aan "breinbeserings" gedurende 'n "stoeiery met die polisie". Vier ander is deur die polisie "doodgeskiet".